

# Aankoms en vertrek

JOAN HAMBIDGE

vir T.T. Cloete



Op Charles de Gaulle lughawe:  
 Air France 447 Terminaal 2E  
 uiteindelik vertraag. Gesuspendeer.  
 Gesoek 'n Airbus A330  
 tussen Rio de Janeiro en Parys.  
 Op dieselfde dag in Engeland:  
 die laaste Titanic oorlewende  
 in Terminaal Bardo Todol opgemerk.  
 1517 mense sterf; 706 oorleef  
 perdisie waarvan 'n dekstoel,  
 soos 'n iteratief-duratief,  
 in Halifax tydloos bly staan.  
 Gesoek 'n gedig, buite tyd  
 en rampe, in 'n ruimte beskut  
 nes die kaptein se log-boek  
 (vergeel en verskuild agter glas)  
 of 'n vliegtuig se laaste noodsein:  
 flikkerend, soekend, roepend.

# Dromende denke

Vir T.T. Cloete

Naby die World Trade Centre,  
 net om die blok, diagonaal, verby  
 Greenwich village as jy amper regs draai,  
 staan 'n kitsbank en 'n blommewinkel naby  
 'n fortuinverteller wagtend op die anderkantste hoek.  
 Nie een van hierdie bakens vind my meer nie.  
 Net in my dromende denke kan ek dit oproep:  
 soos my moeder wat saans 'n blokkiesraaisel invul,  
 my pa skrywend aan 'n verslag, terwyl "U eie keuse"  
 oor die radio Offenbach se "Orfeus in die Onderwêreld" speel.  
 Wie was Monty Sutner van Seepunt?  
 Nou maak ek 'n linksomkeer in hierdie gedig.  
 'n Vliegtuig bars deur my World Trade-sekerhede,  
 die brokstukke van veertien reëls tuimelende Lego-blokkies.

**Joan Hambidge**